# Rustenburg Gemeenskapskerk

**11 JULIE 2021**

Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer – 071 675 5564
E-pos / E-mail: esta1@vodamail.co.za.
Registration number: MPC: PBO 930046902

**Daar sal geen fisiese eredienste tydens Julie maand wees nie!!**

## Wat is belangrik?



"Ja. Nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde". Fil 3:8

'n Tyd soos hierdie laat 'n mens weer diep nadink oor jou prioriteite. Ongeag hoeveel aardse skatte ons het, tref 'n onverwagse siekte, soos Covid-19 ons en laat ons bykans weerloos.
Goeie vriende herstel nadat hulle baie siek was, party se lewens hang nou nog aan 'n draadjie en die hospitale is steeds oorvol. Nou is die vraag,"Wat is op die ou end regtig belangrik"?. Die vraag is lewens-belangrik en 'n vraag waarvoor elkeen van ons 'n antwoord moet formuleer.
Paulus het by 'n punt in sy lewe gekom waar hy kan verklaar, "Jesus en Hy alleen." Mens kom nie maklik daarby uit nie. Daar is soveel wat rondom ons gebeur, soveel wat jou tyd en menswees raak, verant-woordelikhede, uitdagings, geleenthede wat jou aandag vra …

Baie mense lewe asof die hier en nou die totaliteit van hulle bestaan is. Baie lewe asof daar van 'n ewigheid geen sprake is nie.
Vir baie is oorwinning van dag tot dag so 'n stryd dat Covid-19 nie eers 'n faktor is nie. As daar honger kinders by die huis is, moet jy doen wat jy moet om hulle te voed.. Die lewe is nie so eenvoudig nie.

Die lewe soos ons dit ken, verteenwoordig nie ons hele bestaan nie. Prediker leer ons dat daar 'n tyd is om gebore te word en 'n tyd om te sterwe. Ons is nie vir altyd op aarde nie. Iewers vertrek ons en net dit wat ewigheidswaarde het, word die toekoms ingeneem.

## Verjaarsdae 11-17 Julie 2021

11- Charlotte Pietere
Annetjie van Loggenberg
12– Ilze Burger,
Lorraine du Preez
14- Tania Fourie,
Jeanette vd Walt
15- Peet Dique, Miné van Straaten




## Kommunikasie kommunikasie

As predikante, leiers en lidmate probeer ons mekaar geestelik en fisies versorg. Gesels asb. saam. Almal se mening, vrae en raad is bel-angrik. Ons hoor graag van jou.

## Huisbesoek

Die predikante doen graag huis besoek. Indien ons lanklaas by u was, laat weet asb!!

## Rustenburg Gospelfees

Die RGK het besluit om die fees te hou op Saterdag 30 Oktober 2021 te RHS.

## Dankoffers

**Ons Kerk se:**
- **instandhouding**
- **groei**
- **hulpverlening**

**kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!**

☑ **EFT**
☑ **Stoporder**

## Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening:
62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van

## RGK Jeug

Ons Jeug bediening skop weer vol af sodra die skole begin

## Bid asb vir ons lidmate

- Lien Pelser
- Jan le Roux
- Ivy Swart
- Jan Swart
- Cisca Hopkins
- Hans van Wyk
- Peet Dique
- Joey Dreyer
- Isabel Mc Donald
- Anneke du Toit
- Riëtte Mc Donald
- Vian Joubert
- Sanette v/d Walt
- Charlotte Pieterse
- Ons bid vir al ons Covid - pasiente
- Ons bid veral vir ons mense wat treur oor geliefdes wat oorlede is.

***Liefde is soos, vyf broodjies en twee vissies…. Solank jy aanhou om dit uit te deel, word dit meer…***